kategese '09

graad 7 – 10

Sondag 23 | 11 Oktober

JOSHUA

Luister! Debrief

Gesprek!

PUNCHLINE – LEER DIE KINDERS DIE VERHAAL VAN JOSHUA

- Beplan jou eie.

- Hoofsaaklik uit Joshua – kyk by elke gebeure.

Kyk na die OT Groot verhaal en sien waar Joshua inpas (Joshua neem by die groot man Moses oor – baie belangrike nuwe generasie van Israel)

Maak seker die kinders lees die verhaal (wees kreatief oor hoe jy dit aanbied) en staan stil by die verskillende temas aangedui, vra vrae daaroor en kyk wat die kinders self leer deur die verhaal. Joshua was jonk – wat se dit oor die Here en jongmense?

Joshua die nuwe leier – Jos 1

Joshua neem oor en die Here belowe om by hom te wees soos Moses. Hy kry nuwe bevele van God af – God gaan die nuwe land vir julle gee (uiteindelik na 40 jr!)

[God wat getrou is aan sy beloftes. Die vrug van gehoorsaamheid. Die Here wat nuwe jong leiers gebruik. 'n Nuwe era of generasie neem oor]

Joshua begin die inname – Jos 2 - 6

Joshua stuur die verkenners uit na Jerigo om seker te maak hul kan die land inneem. Joshua lei die volk deur die Jordaan en rig die monument van hierdie dag op. Hy neem leiding en is totaal gehoorsaam aan elke ding wat die Here vir Hom sê om te doen. Hulle neem Jerigo in!

[Joshua wys vir ons groot geloof en gehoorsaamheid aan die Here elke keer – wat leer ons by Joshua? Die Here doen groot dinge vir die volk, hulle oorwin Jerigo, maar die Here is steeds genadig vir die wat Hom dien soos Ragag!]

Joshua lei die volk deur die inname en verdeling van die land – Jos 7 - 22

Joshua hou aan om die volk te lei om die ander volke te oorwin en die land in besit te neem wat die Here belowe het. Deur die loop van hierdie proses help die Here om ook die moeilike taak te verrig om die land te verdeel tussen al die stamme van Israel.

[Gesels oor hoe Joshua as 'n leier elke dag doen wat die Here vir hom wys, maar terselfde tyd ook sy eie gawes en leierskap gebruik om die volk te lei. Hy was 'n groot en sterk militêre strateeg en leier – wat is die ander eienskappe wat julle raaksien?]

graad 7 – 10 kategese '09

JOSHUA

Gesprek!

Joshua neem afskeid en sterf – Jos 23 - 24

Aan die einde van Joshua se lewe roep hy eers al die leiers van die volk bymekaar en moedig hulle aan om die Here getrou te bly volg. Dan roep Joshua die hele volk bymekaar en vertel vir hulle die storie van die begin af: hoe die Here by hulle was! Dan maak hy seker hulle sal aanhou om die Here te dien en sluit 'n verbond waarin hulle dit belowe aan die Here. Dan sterf Joshua nadat hy die volk gestuur het om nou te gaan woon in hulle eie gebiede.

[Joshua het vir 110 jaar die Here gedien. Dit het begin toe hy baie jonk was en toe al 'n sterk leier moes wees wat die Here gehoorsaam. Die hele volk sal hom onthou as 'n man van karakter en 'n groot liefde vir die Here. Wat sal jy wil hê moet mense jou voor onthou? Wat sal jy wil hê moet die mense oor jou sê?

Die groot temas

- **Die Here roep vir Joshua as 'n nuwe jong leier – Hy sê dit is tyd vir 'n nuwe generasie!**
- **Joshua se lewe is 'n verhaal van geloof en gehoorsaamheid.**
- **Die Here is getrou aan sy belofte wat Hy vroeg reeds gemaak het – Hy gee die land vir die volk.**
- **Die Here is die heel tyd by die volk in hul inname van die land.**
- **Gehoorsaamheid werp vrug af!**
- **Joshua se lewe is 'n inspirasie – hy was 'n man van leierskap en karakter. Ons kan baie by hom leer!**

Wrap-up!

- Bid saam en vir die kerk.
- Bid vir mekaar se roeping – om soos Joshua ons lewens uit te leef!
- **Mail my met enige idees of terugvoer oor die les: zvdwesthuizen@gmail.com**